

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

II.21 Vol. 156 Pg. 7613-7626

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS  
1986-10-22

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

156

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 156

(Bladsye 7 613 - 7 626 )

DIE HOF HERVAT OP 22 OKTOBER 1986.

MNR. JACOBS: Op hierdie stadium wil ek dit net op rekord plaas dat daar is erkennings gedoen deur die verdediging, dit is op skrif uitgetik en op versoek van die verdediging was die erkennings ook aan u voorgelê voordat ons vandag begin het. Ek wil dit net formeel inhandig.

HOF: Wat sal die bewysstuknommer wees?

MNR. JACOBS: Dit is AAS(12).

HOF: Wat is AAS(11)?

MNR. JACOBS: AAS(11) gaan die erkennings wees oor die (10)  
transkripsies van die videos. Ons het dit reeds genommer gehad ongelukkig, daarom het ons dit ...

HOF: Dit kom nog?

MNR. JACOBS: Dit kom. Ek mag net verduidelik hierso, dit is blykbaar - dit is nie blykbaar nie, dit is geteken deur al die beskuldigdes. Omdat dit reeds vooraf reeds aan die Hof beskikbaar gestel is, neem ek aan dit is nie nodig dat ons dit uitlees nie, maar dat dit as gelees beskou word en dan wil ek net verduidelik, daarby is 'n los bladsy aan u (20)  
verskaf waarop bo-aan staan: 'Translation of EXHIBIT ABA(2)'. Dit is gedek in die erkenning, maar hierdie los bladsy is net die vertaling wat gevoeg moet word by bladsye van ABA(2). Dit is daarom dat hy los is, maar hy word gedek in die erkennings. Ek handig dan met u verlot die oorspronklikes in, soos dit ook reeds verskaf is aan u as AAS(12).

HOF: Kan ek net 'n paar vrae vra na aanleiding van AAS(12)? In paragraaf 7 van AAS(12) word daar verwys na BEWYSSTUK 35(1) en 35(2) en dan in paragraaf 8 na V(28)(i) en V(28)(ii). Is daardie dokumente al voor die Hof en daardie bewysstukke?

MNR. JACOBS: Sal die Hof my net 'n oomblikkie gun, ek wil (30)

net/...

net by - mnr. Fick het die hele erkenning gehanteer. Dit is dink ek dié dinge wat betrekking het op Esau Raditsela, dit word gedek deur erkennings en dit moet net ingehandig word by die Hof. Ons sal dit net kry om in te handig formeel hierso.

HOF: Wel, dit is vier bewysstukke wat moet ingehandig word, want anders is hier h bewysstuk wat verwys na bewysstukke wat nie voor die Hof is nie. En dan verder, mnr. Jacobs, verwyssende na die bewysstukke, die erkennings, ek het h bietjie h onsekerheid. Ek kan dit miskien by wyse van h (10) voorbeeld verduidelik. As h mens vind dat in BEWYSSTUK AAS(5) gesê word dat byvoorbeeld h dokument gevind is by A. Mohamed of by I. Mohamed, maak nie saak nie, ek noem maar h naam, en h mens vind dat in AAS(4) gesê word daar is sekere ampsdraers van die UDF, een van hulle is A. Mohamed en h ander is I. Mohamed, of iets van dié aard. Hoe weet ek dat dit dieselfde persoon is of moet ek aanvaar dit is nie noodwendig dieselfde persoon nie, of moet die ding in die onsekerheid gelaat word?

MNR. JACOBS: Ek dink daardie ding moet ons liewers opklaar, want dit is dan die persoon wat as h ampsdraer erken word. (20)

HOF: As dit so bedoel word, dan moet daar êrens h erkenning wees wat sê dat dit so is en as dit bedoel is dat dit nie noodwendig dieselfde persoon is nie, dan moet dit gesê word, want ek kan nie die saak onseker laat nie.

En dan is daar een ander aspek, en dit is: Is alle vertalings van alle dokumentasie wat voor die Hof is en alle vertalings van alle ander bewysstukke wat voor die Hof is, behalwe waar aangetoon in hierdie AAS(12) en daardeur verbeter, nou erken korrekte vertalings te wees?

MNR. JACOBS: Dit is soos ek dit het.

(30)

HOF: /...

HOF: Staam dit êrens spesifiek?

MNR. JACOBS: Ons sal dit dan ook net spesifiek met oorleg met die verdediging, spesifiek so doen.

HOF: Ja, dankie. Die dokument wat as opskrif dra 'Admissions in terms of Section 220 of Act 51 of 1977 and matters agreed between the State and the defence', gedateer - ongedateer, gaan in as AAS(12).

MNR. JACOBS: Die BEWYSSTUK AAS(11), ek wou hierdie erkenning ook hier laat ingaan het, maar nadat ons nou vanoggend by u uitgekom het, is daarso nou nog weer 'n verdere dispuut deur (10) mnr. Kamdar aan my genoem omtrent BEWYSSTUK AAS(11), in verband met die Huhudi-band ...

HOF: Maar ek het begryp dat die Huhudi band wat intussen aan my besorg is 'n hersiene uitgawe is, dit is V(12).

MNR. JACOBS: So het ons dit ook verstaan, maar dit is nou vanoggend aan my gesê dat daar nou skielik iets nog bygekom is. So ek kon nie hierdie erkenning, voordat ek dan nou hoor by mnr. Chaskalson en mnr. Bizos-hulle, wat daardie posisie is, kan ek ongelukkig hierdie bewysstuk nog nie inhandig op hierdie stadium nie. (20)

HOF: Vir daardie doel sal ek verdaag dat u dit uitstryk. Miskien kan mnr. Chaskalson ons net sê. Mnr. Chaskalson?

MR CHASKALSON: As far as EXHIBIT V(12) is concerned I understand that the final transcript was only made available on Monday, 20 October and that it was only this morning that the attorney was made aware, there were consultations yesterday, but it was only this morning that the attorney was aware of one small portion, it is actually certain words in the vernacular in regard to which there is, the State has a certain portion of it in the vernacular, where on listening (30) to/...

to the tape, the suggestion is that it should not be those words, they should be slightly different words. I do not anticipate any difficulty with that. That is the sort of thing which one can deal with it, I would think, very promptly. Indeed, I see no reason why we should not finalise that today and if Your Lordship would like the State case closed today, I would think that it would be very possible for us, given half-an-hour, to sort out that problem by just having the tape played in the presence of the people who have heard it differently and get agreement (10) on that.

COURT: Yes, we could do that, Mr Chaskalson.

MR CHASKALSON: That, as I understand, is the only problem which is left. There was a great deal of difficulties with the transcription of this tape apparently and the initial transcription had to be re-done almost totally, and I think that there is where that particular problem lay.

COURT: The admissions are made in terms of AAS(12) I take it?

MR CHASKALSON: As Your Lordship pleases.

COURT: What is the attitude of the defence as far as the (20) matters are concerned which I raised with the State?

MR CHASKALSON: As I understand it the names which appear in one schedule are intended to be the same as the names - in other words where the same name appears in say schedule AA(10) and it is repeated in schedule AA(5), the intention is that where the name appears on one schedule, it is the same as the other schedule, but I think to avoid any possibility of that, we should formalise that admission and we can do that as well. I see no difficulty with that.

COURT: And as far as the translations are concerned, I do (30)

not/...

not think in AAS(12) all translations are dealt with, I am not sure, I may have made a mistake.

MR CHASKALSON: We will give that our attention. Certainly the intention on our part has been to reach agreement on the translations and that we understood that after all the debate that that had been achieved, with the exception of this last problem which really as I say is a question of hearing of the vernaculars to what it is and I do not believe that there would be any difficulty in resolving that in a short time this morning. It is certainly our understanding that (10) these documents which have been put up are agreed documents and if there is a need for formalising that, then we can do it. Unfortunately I did not bring with me today all the files - I have in one file all the admission which have been made. I was under the impression that certain ...

COURT: No, I have the admissions here.

MR CHASKALSON: We certainly have been working on the assumption that the translations are correct.

COURT: I do not recall reading anywhere that that matter had been dealt with in the admissions. (20)

MR CHASKALSON: I think Your Lordship is probably correct. As I say, I do not have the document with me. So I cannot say; but that certainly was the intention and so there should be no problem as far as that is concerned.

COURT: That you can discuss and straighten out quickly.

Mnr. Jacobs, het u nog getuies?

MNR. JACOBS: Geen ander getuies nie. Ek mag die Hof net, ek dink ek moet dit op rekord net plaas, dat die getuie waarop die Staat baie sou gesteun het, waarmee ons afgeskop het, Edith Raditsela - Edith Tlaka, kan tot op huidige stadium (30)

nog/...

nog nie opgespoor word nie. So behalwe daarvoor is daar geen ander getuies wat die Staat dan op hierdie stadium het as hierdie punte opgeklaar kan word nie.

HOF: Ek dink ek sal dan nou h verdaging neem van h halfuur en dan kan u my laat weet as u meer tyd nodig het as dit en stryk intussen die sakies uit wat nog uitstaande is, dat die Staat se saak nou gesluit kan word.

DIE HOF VERDAAG. DIE HOF HERVAT.

MNR. JACOBS: Ek wil die Hof net vra om terug te gaan na BEWYSSTUK AAS(12) toe. Dit is die erkenning wat vanmôre (10) ingehandig is en dan op bladsy 2.7, daar waar dit staan 'EXHIBIT 35(i) and 35(ii) are audio cassettes, seized on 27 January .....

HOF: Net h oomblik, bladsy?

MNR. JACOBS: Bladsy 2, onderaan, punt 7 '... on January, 27 of .....

HOF: Van watter skedule? AAS(12), ja, maar watter skedule?

MNR. JACOBS: AAS(12).

HOF: Daar is baie bladsye 2.

MNR. JACOBS: Laat ek hom net kry. Dit is die eerste skedule, (20) bladsy 2, punt 7, paragraaf 7: '.. at the premises 10223, Zone 7, Sebokeng, then occupied by Esau and Dorcas Raditsela and....' dan wil ons daar byvoeg om net hierdie wat die Hof vir my genoem het op te klaar '... and be handed in to Court as EXHIBITS 35(i) and 35(ii)'.

HOF: Wag net, voor u nou al daardie dinge byskryf, u het dit mos nou al daar ingeskryf. 'EXHIBITS 35(i) and 35(ii) are audio cassettes seized on 27 January 1984, then occupied by Esau and Dorcas Raditsela.' Waarom moet ek aan hierdie erkennings gaan staan en verander? U kan eenvoudig op (30)

rekord/...

rekord plaas, hier is die bewysstukke, ek handig hulle in.

MNR. JACOBS: Ek handig hulle in.

HOF: U kan hulle vir my klerk gee en hy moet hulle behoorlik merk, asseblief.

MNR. JACOBS: En dan die twee transkripsies is die volgende paragraaf, paragraaf 8. Ek handig hulle ook dan net in.

Dit is BEWYSSTUKKE 28(i) en 28(ii).

HOF: Nee, V(28)(i) en V(28)(ii). Is dit liedjies of is daar n toespraak ook by?

MNR. JACOBS: Toesprake ook by. Dan die ander punt wat (10) die Hof geopper het is ook opgeklaar by wyse van erkenning. Ek sal dit uitlees aan die Hof en dan inhandig as BEWYSSTUK AAS(13). Ek sal dit dan lees:

"STAAT versus BALEKA EN 21 ANDER

Erkennings ingevolge artikel 220 van Wet 51 van 1977

Die beskuldigdes erken:

1. dat alle vertalings van bewysstukke soos dit by die betrokke bewysstukke ingebind is en welke bewysstukke deur n getuie in die Hof identifiseer is, of wat die onderwerp van erkennings deur die verdedigings was, (20) in alle opsigte korrekte vertalings van daardie bewysstukke is, behalwe waar die vertalings deur die vertaling in BEWYSSTUK AAS(12) vervat gewysig is;
2. dat waar name van persone in BEWYSSTUKKE AAS(4), AAS(5) en AAS(6) voorkom en met betrekking tot die voorletters en vanne ooreenstem, dit dieselfde persone is waarna telkens verwys word."

Dan die kwessie van die transkripsies van al die tegniese bande en die video bande, daaroor is daar n erkenning wat die verdediging maak.

(30)

HOF: /...



HOF: Die nommer sal wees?

MNR. JACOBS: AAS(11). Ek lees dié erkenning uit:

"STAAT versus BALEKA EN 21 ANDER

Die verdediging erken kragtens artikel 220 van Wet 51 van 1977 dat die transkripsies vermeld in kolom 1 van onderstaande skedule en ingehandig word as bewysstukke, ware en getroue weergawes bied van die inhoud van die video- en klankopnames voor voormeld in kolom 2 van genoemde skedule, behalwe dat die verdediging nie die name van sprekers in vierkantige hakies erken of (10) ontken nie, en waar daar in genoemde transkripsies vertalings voorkom vanuit h Swarttaal in Afrikaans of Engels of andersom, die vertalings korrek is. Die korrekte weergawe van die transkripsies is dié wat gewysig is soos in die aangehegte skedule."

Die eerste skedule is kolom 1 en dan kolom 2 tabuleer daar al die V-bewysstukke wat ingehandig is by die Hof en kolom 2 verwys na die ooreenstemmende fisiese bewysstukke wat ingehandig is by die Hof.

Die tweede skedule is h hoeveelheid verwysings met elke(20) V-bewysstuk se nommer daarop. Dié is alreeds aan die Hof verskaf, aan u en die Hof verskaf aan die begin van die verdediging. Daar is vir almal behalwe vir waar daar wysigings is, behalwe vir BEWYSSTUK V(12), dit is die Huhudi-band. Daar is nie h skedule voorberei of aan my verskaf vir BEWYSSTUK V(12), ek sal dié wysigings wat daar is dan direk aan die Hof behandel. Met u verloff sal ek dan hierdie BEWYSSTUK AAS(11) inhandig en dan wil ek verloff van die Hof vra dat ons dan net - dit is baie min wat daar gedoen moet word, dat ons dit direk doen op BEWYSSTUK V(12) wat ons (30) dan/...

dan hier het.

HOF: Mag ek net duidelikheid kry? Ek het nou BEWYSSTUK V(12) voor my en ek kan daarop goed sien dat daar sekere sprekers op die buiteblad aangegee word en dat die meerderheid van hulle se name in hakies verskyn. Ek kan nie onthou of dit op my ander V-bewysstukke ook so is nie. Is dit op al die ander ook so of is dit nou net op V(12) so?

MNR. JACOBS: Kan ek net 'n oomblik vir u klerk vra?

HOF: Met ander woorde dan, die erkennings se verwysing na sprekers tussen hakies geld dan net V(12)? (10)

MNR. JACOBS: Nee, dit geld almal, maar dit is gedoen in u afskrifte in die inhoud van die ding self, inhoud van die bewysstuk waar die naam voorkom, waaroor daar nie ooreenstemming kan kom nie, dan is hy met hakies gemerk daar binne-in die dinges waar hy voorkom.

HOF: Ja, maar kan ons dan net duidelikheid kry. In V(12) is byvoorbeeld Oupa wat waarskynlik verwys na Oupa Tekere Monareng is aan die binnekant nie gemerk in hakies nie, maar buite-op. Kyk na bladsy 17. (20)

MNR. JACOBS: As u kyk op bladsy 3 het dit begin dink ek met, waar dit die eerste keer voorkom, dan is dit nou gemerk daar, dit beteken dan regdeur is Oupa daarso ...

HOF: Wel, ek weet nie of dit regdeur dit beteken nie, want dit kan ook beteken dat in daardie geval dat dit onseker is dat dit Oupa is, maar in verdere gevalle is dit wel seker dit is Oupa.

MNR. JACOBS: Dit beteken dat regdeur moet Oupa in hakies staan.

HOF: Wel, ek het nie 'n probleem daarmee nie, omdat op die buiteblad dit gemerk is, maar wat nou in my ander (30)

dokumentasie/...

dokumentasie?

MNR. JACOBS: In die ander dokumentasie waar hy voorgekom het in die V-reeks alleen, is hy daarso gemerk waar ons nie ooreen kan kom daaroor nie ...

HOF: Ek dink om duidelikheid te skep waar daar onduidelikheid mag ontstaan later as die saak verder sou gaan, sal ek my V-reeks aan u beskikbaar stel net na die verdaging en dan kan u gou die hakies aanbring by al die name op die buiteblad van elkeen van my dokumente in die V-reeks, dan het ons dit duidelik, want dit is die amptelike dokumente. Dan (10) is daar nie meer verwarring nie en waar daar dan op die buiteblad 'n hakie is, dan weet ek dat die naam nie noodwendig erken word nie.

MNR. JACOBS: Soos u dit genoem het, op die buiteblad van V(12) byvoorbeeld is die enigste name wat nie in hakies is nie wat erken word, is dié van beskuldigde 20, Terror Lekota.

Dan die veranderings wat daar is en die eerste is op bladsy 57, dit is die eerste gedeelte, voordat met die vertalings begin word, daar kom bladsy 57 voor.

HOF: Ja. (20)

MNR. JACOBS: Op bladsy 57 sal u sien in die eerste, tweede, die derde paragraaf, net voordat daardie liedjie daar staan wat in hoofletters geskryf word, in daardie laaste reëltjie staan daar die woord "Kakata", twee keer, "Kakata re tlabo Kakata".

HOF: Nee, ek is nie met u nie. Is dit in die ..

MNR. JACOBS: Die derde paragraaf.

HOF: Ja, die Kakata, ja.

MNR. JACOBS: Daardie Kakata moet verander word na Kakasa.

HOF: Albei kere? (30)

MNR. JACOBS: /...

MNR. JACOBS: Albei kere.

HOF: Dit is gedoen.

MNR. JACOBS: Net om die prentjie heeltemal - as u kyk bladsy 43 by die vertalingsdele, dit is heel agter dan, die laaste deel, aan die einde van die tweede paragraaf, staan daar die woorde "As ons 100% betaal het sal ons hulle oorwen". Bladsy 53.

HOF: Ja, "as ons 100% betaal het sal ons hulle wen."

MNR. JACOBS: Daardie deeltjie is die vertaling van hierdie woord Kakata wat nou Kakasa geword het. (10)

HOF: Ja, nou wat moet dit nou wees?

MNR. JACOBS: Dit bly dieselfde, die vertaling bly dieselfde.

HOF: Dus dit bly staan. Ja, goed.

MNR. JACOBS: Dit bly staan. So dit was net hierdie woord wat dan nie is nie, en dan oor hierdie liedjie self, die woorde van die liedjie self, daaroor het ons ooreengekom dat daardie bewoording soos dit daar staan op bladsy 57 geskryf ...

HOF: Ons is nou by bladsy 53.

MNR. JACOBS: Ja, maar nou weer terug na 57 toe, die vertaling kom op 53, die werklike woorde is op 57. As ek net verduidelik dat hierdie band is so gedoen, die transkripsie is eers gedoen en toe direk daarna is die vertaling ook weer agterna gedoen. Daarom het hy twee dele. Nou op bladsy 47 moet daardie liedjie se woorde vervang word.

HOF: 57.

MNR. JACOBS: 57, vervang word met die volgende: Daardie heeltemal doodgekrap en dan die woorde is "Aluta ...

HOF: Is dit heeltemal 'n ander liedjie?

MNR. JACOBS: Heeltemal 'n ander liedjie. Ek kan dit miskien later fotografeer en dan 'n fotokopie maak. (30)

HOF: /...

HOF: Wel, dit is baie herhaling, u kan die woorde maar gee.

MNR. JACOBS: "Aluta washu U Tambo Sibile", en dan die tweede reël van die liedjie is "Aluta washu U Tambo", dit is net dieselfde herhaling behalwe dat daardie Sibile nie bykom nie. Die derde reëltjie is "Kula matafa ase Angolo" en dan die laaste reël is dan weer net "Siwele, siwelele".

Die vertaling wat dan op bladsy 53 daarvan moet kom, die woorde is in Engels wat hy vir my vertaal het hierso.

HOF: Moet die hele vertaling geskrap word daar, die hele liedjie? (10)

MNR. JACOBS: Dit is ook baie kort. Die vertaling word daar geskrap en dan lees dit 'Struggle says Tambo' en dan weer 'Struggle says Tambo' en dan daarby 'Yes, yes'.

HOF: Dit lyk nie of dit reg is nie. Wat is Siwele?

MNR. JACOBS: Die Siwele is 'n woord, dit is die 'yes, yes'.

HOF: Maar die Siwele was in die eerste sin, Siwele was nie in die tweede sin nie. Moet die 'yes, yes' dan nie by die eerste sin wees nie?

MNR. JACOBS: Dit moet by die eerste sin dan wees, ja.

HOF: Ja, gaan voort. (20)

MNR. JACOBS: Dan die derde sinnetjie is 'On the veld of Angola' en dan weer 'yes, yes'.

HOF: Is dit al?

MNR. JACOBS: Dit voltooi dan hierdie hele - dan gaan hierdie bewysstuk, is dan die hersiene uitgawe wat ingaan as die amptelike BEWYSSTUK V(12).

HOF: Word die erkennings gemaak, mnr. Chaskalson?

MR CHASKALSON: Yes, the admissions are made and there is one thing I would like to put beyond doubt. I have told My Learned Friend this, that we understand that this document (30)

now/...

now covers everything which should be the subject matter of an admission. If indeed there should turn out to be a document as far as the translations are concerned, I am now talking about, if there should be somewhere a document which has been translated but for some reason have not appeared in all the admissions we made, then notwithstanding the fact that My Learned Friend closes his case, if for some reason which we are not aware of and he is not aware of now, there should appear a document which he requires to have translated and has not had translated, we will have no objection(10) notwithstanding his having closed his case, clarifying that at any stage of the proceedings. In other words, for an example, if during the course of his argument he wish to read from a document which for some reason is not covered by these admissions and we do not think that that would be the case, we would have no objection at that stage to his clarifying the position and putting the translation before you. In other words, the intention is not that nothing should really fall through the net as far as the translations are concerned. We think we have covered all the documents. (20)

COURT: Thank you, Mr Chaskalson. Ja, mnr. Jacobs.

MNR. JACOBS: As ek dit dan nou alles afgehandel het, dit is die Staat se saak.

HOF: Dit word met verligting genotuleer. (GELAG)

MR CHASKALSON: Equally heard with relief, My Lord.

S T A A T S A A K

MR CHASKALSON: We had hoped that we may be in a position to address Your Lordship today on the question of an application for the discharge of the accused. Unfortunately the task turned out to be a little more formidable than we had (30) anticipated/...

anticipated and getting all the documentation, all the evidence and getting our argument together and we think that we need some more time. We also feel that the added time will not only make for a clearer argument, but may in fact reduce the length of the argument, because we think we will put it to Your Lordship in a way which the argument will go much quicker than might otherwise be the case.

So we would ask for an adjournment now for a week until 29 October, Wednesday, 29 October, to enable us to prepare (10) and to address our argument to you on the application for the discharge of the accused. I understand from My Learned Friend that there will be no objection to that. We hope we will be completely ready by the 29th, but we are sure in any event that we will get going and we do not think that there will be any need for any further interruptions after that.

MNR. JACOBS: Dit is korrek, ons het geen beswaar dat so h aansoek toegestaan word nie.

COURT: This case is then adjourned until 29 October 1986 at 09h00 here in Delmas.

THE COURT ADJOURNS UNTIL 29 OCTOBER 1986.

(20)

---o0o---

(30)

## **DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### **PUBLISHER:**

*Publisher:*- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

*Location:*- Johannesburg

©2009

### **LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### **DOCUMENT DETAILS:**

*Document ID:*- AK2117-I1-21-156

*Document Title:*- Vol 156 p 7613-7626. Argument re exhibits